# Dankie Jesus

vir al die omgee mense in my lewe



**DROË VRUGTE:** Te koop by kerkkantoor tbv Botswana-uitreik.

| | | |
|---|---|---|
| Geskilde perskes: | R85 p/kg | |
| | R45 p/500g | |
| Ongeskilde perskes: | | R65 p/kg |
| | | R35 p/500g |
| Pitlose rosyne: | R50 p/kg | |
| | R25 p/500g | |



# NG KERK MOSSELBAAI-SUID

**AFKONDIGINGE: 20 MEI 2018**

*"Maar julle sal krag ontvang wanneer die Heilige Gees oor julle kom, en julle sal my getuies wees in Jerusalem sowel as in die hele Judea en in Samaria en tot in die uithoeke van die wêreld." (Handelinge 1:8)*

## PROGRAM VIR VANDAG

**DEUROFFER:** Sinodale Offer vir Christelike Lektuurfonds.

**KATEGESE/KINDERKERK:** Gr R-7 vir Kinderkerk in die saal na die kinderoomblik in die diens. Gr 10 vergader nie vandag nie. Gr 9 en 11 soos deur ds Robert en ds André gereël.

**NUWE INTREKKERS:** Baie welkom in ons midde - mag u verblyf tot seën wees! Die dominee ontmoet jou graag na die diens voor die kansel.

## VOLGENDE SONDAG

**EREDIENS:** Om 09:00 in kerkgebou (ds André) en 09:30 Vleesbaai (ds Danie).

**DEUROFFER:** Spesiale offer vir Instandhouding.

**KATEGESE/KINDERKERK:** Soos gewoonlik.

## PROGRAM VIR DIE WEEK

**KLEINGROEPE:** Vergader soos onderling gereël. Nuwelinge kan die kerkkantoor (tel. 6903552) kontak vir meer inligting.

**Ds Danie:** Maandag 15:00 (Santos 2 se sitkamer) en Dinsdag 09:30 in die kerk.

**Ds Robert:** Dinsdag 09:00 te 17de Laan 18 en 19:00 Tienie Bothastr 3. Donderdag 09:00 Vleesbaai/Rietvlei.

**Ds André:** Dinsdag om 09:30 in die saal. Woensdag selgroep 18:30 Boekenhoutstr 6.

**Dinsdag:** Gebedsbyeenkoms om 17:15 in die konsistorie.

**Woensdag:** Santos Haven Biduur om 15:30 by Santos 1 (ds André).

**Donderdag:** Manne bid 06:00 in die "gat" onder die verhoog.

## BANKBESONDERHEDE

*Dankoffers: Absa Mosselbaai, rek.no. 207 058 0031*

*Geloofsoffers: Absa Mosselbaai, rek.no. 207 016 7886*

## BELANGRIKE INFO


**KOSKAS:** Mei is **Streek B** se beurt om bydraes te maak vir die koskas. Droë produkte, groente, blikkies en en gevriesde produkte, asook kontantbydraes kan by die kerkkantoor of die dienswerker afgegee word. Joey (073 2988 142).


**HAP EN KRAP:** Ons volgende Hap en Trap is DV op 16 Junie. Ons het genoeg klere, maar benodig wit olifante om te verkoop. Bring al u ongebruikte items na die kerkkantoor asseblief. Kastrolle, beddegoed en breekgoed is in aanvraag. Niks is te groot of te klein nie!

**SAAMKUIER NA DIENS:** Lekker koffie en tee word na die diens in die kerksaal bedien. Kom kuier lekker saam en leer mekaar beter ken.

**VLEISVERKOPE:** Ons maak weer wors. U kan Donderdag vanaf 08:30 tot 09:00 wors by die kerksaal kom koop @ R80/kg.

**Jy is skatryk as jy biddende vriende het**






'n Spesiale aand met sang en musiek om sy 21 jaar musiekbedryf te vier.

Maandag, 24 Mei om 18:00 te NG Kerk Hartenbos.
Kaartjies beloop R90 per persoon.
Sop en sjerrie voor vertoning beskikbaar.

**BEWYSE ONTVANG:** Catharina M van Zyl (Santos Haven) vanaf Hartenbos. Gerhardus J Smith (Blombosch) vanaf Bloemfontein-Uitsig. André Otto (Diazstrand) vanaf Coram Deo. Marion L Schmidt (Tienie Bothastr) vanaf Parow-Welgelegen. Hartlik welkom!

**WêRELDDAG VAN GEBED:** Op Pinkstersondag - is bekend as *Global Day of Prayer (GDOP).* Dit vind vanmiddag om 16:00 plaas in Mosselbaai-Suid se kerkgebou.

**DEURKOLLEKTE:** Spesiale offer vir Bybelverspreiding was R3967-80.

**PAASFEES MET BLOMME:** DVD van Paasfees met Blomme is beskikbaar by die kantoor. Donasie van R50.



## GEBEDSBULLETIN

**MEI se tema: Ons brood.**

Hierdie week se DANKSEGGING:



* Daaglikse brood, veiligheid, finansies, gesondheid.
* Die inwoning en werk van die Heilige Gees.
* Vir die Gees wat ons 'n eenheid maak tsv ons verskille.
* Geseënde Pinkster-byeenkomste (skool, Kenani, Santos Haven, kerkgebou en Vleesbaai) .

Hierdie week se VOORBIDDING:

* Die Christelike Lektuurfonds - hulle voorsien sedert 1957 gratis en bekostigbare lektuur aan mense om die Boodskap van die Bybel aan hul te bring in hul eie taal. Temas wat gedek word, is bv geloofsekerheid, dwelm- en alkoholmisbruik, mishandeling, huweliksverryking, depressie, selfmoord.
* Ramadan (16 Mei tot 15 Junie). Dis 'n tyd wat die Moslems vas, bid en aalmoese gee. Dis ook 'n tyd wanneer die Here hulle ontmoet in drome, visioene en ander openbarings. Bid vir hulle.
* Bid vir sendelinge wat te midde van groot gevaar die evangelie in Moslem-lande verkondig.
* Knysna: Die "Pink Loerie Fees " vanaf 24 – 27 Mei.
* Mediese sorg aan mense wat nie mediesefondse het nie.
* Vir 'n nuwe gees van verdraagsaamheid, wet en orde, en wysheid.
* Droogte - Kaapstad en Port Elizabeth, hoewel die Wolwedansdam baie water het, is ons area (die plase) BAIE droog.

**PERSOONLIK:** Inwoners van Santos Haven se drie siekeboeë, Kenani, Huis Elsjé, Benevolent Park, Ons Huis, Huis Caro en Ons Rus. Die volgende lidmate herstel na operasies, hospitalisasie, siekte tuis, of beleef ander krisisse:



Jan Louw Fynboshoogte, Petro Alberts Benevolent Park, Elize Oosthuizen 18de Laan, Ria Botha Edgar Furness, Dries J van Rensburg Pinnacle Park.

**STERFTES:** Baby van Rooyen Santos Haven